

# KAW BLITSOPNAME

VAKUNIE LIDMAATSKAP | JUNIE 2015

# BLITSOPNAME

OMVANG VAN VAKUNIELIDMAATSKAP ONDER PLAASWERKERS IN DIE WES-KAAP

## AGTERGROND

Daar word lank reeds bespiegel oor wat die omvang van vakunie-lidmaatsakp onder plaaswerkers is. Baie bewerings word gemaak oor vlakke van verteenwoordiging maar daar is óf min óf gebrekkige data beskikbaar, selfs by die Dept van Arbeid en Statistiek SA. Omdat dit van strategiese belang is om meer akkurate syfers te hê oor, bv., watter unies betrokke is, in watter sektore, en wáár, is besluit om hierdie opname te doen. AgriWesKaap, HORTGRO, SATI en VinPro het goedgunstiglik ingewillig om ons elektroniese vraelys onder hulle lede te versprei, en ons het 'n puik respons gehad! Baie dankie aan almal vir hulle samewerking.

## METODIEK EN BEGINSELS

**Deelname** was vrywillig en oop vir alle produsente.
Respondente wat nie hulself geïdentifiseer het nie se inligting is nie gebruik nie. Vertroulikheid is verseker

**Produklyn:** Respondente moes aandui wat hulle primêre produklyn is en hulle is ingedeel volgens dié aanduiding.

**Omgewing:** Dieselfde geld die omgewing waar geboer word, en gevolglik dui die verslag aan waar die hoof-aktiwiteit van respondente plaasvind.

**Werksmag:** Respondente was versoek om afsonderlik die getal ***permanente*** en ***nie-permanente*** werkers in hulle diens die ***afgelope hoogseisoen*** aan te dui. Met 'nie-permanent' word eenvoudig bedoel al daardie werkers wat nie 'permanent' aangestel is nie.

**Teikengroep:** Die primêre teikengroep was plaaswerkers, insluitende die werkers in pakstore en kelders wat as deel van die plaas bestuur word. Minder response is van afsonderlik bestuurde pakstore/kelders ontvang, en dié inligting word in afdeling B weergegee.

# A. PLAASWERKERS

**1. GETAL WERKERS**

Die getal plaaswerkers wat in die opname betrek is was ‘n allemintige 54 429. Dit laat die vraag ontstaan hoe verteenwoordigend hierdie opname van die totale arbeidsmag van landbou in die Wes-Kaap is. Statistiek is beperk en nie altyd ongekwalifiseerd nie. Ons is egter tevrede dat die opname ‘n baie verteenwoordigende en geldige monster is.

Die permanente werkerstal in die opname is 18 566 terwyl die nie-permanente getal werkers 35 863 is – dus 34% teenoor 66%. Die getal geldige response was 415, wat die gemiddelde totale werksmag per produsent 131 maak. *Kyk skyfie 9 van die bylaag.*

**2. RESPONDENTE PER SEKTOR**

Soos verwag troon die arbeidsintensiewe sagtevrugte en tafeldruiwe sektore uit wat getalle betref – saam meer as 82% van die totale werksmag in die opname! *Kyk skyfie 10 van die bylaag.*

**3. OMGEWINGS WAAR RESPONDENTE SE HOOFAKTIWITEIT PLAASVIND**

Die ‘swaargewigte’ wat werknemer getalle betref is die omgewings van Ceres en Grabouw met hulle sagtevrugte, gevolg deur die omgewings van die Paarl en Malmesbury met veral hulle tafeldruiwe. *Kyk na skyfie 11 en 12.*

## 4. OMVANG VAN VAKUNIELIDMAATSKAP

Die uitslag van hierdie opname bevestig vermoedens oor tyd dat vakunielidmaatskap in primêre landbou in Wes-Kaap baie beperk is, met slegs **10.2%** (*skyfie 14*) van respondente wat rapporteer dat hulle unie verteenwoordiging onder hulle permanente werkers het! Die syfer vir nie-permanete werkers is slegs **0.7%** , en ons fokus dus in hierdie verslag meer op lede onder permanente werkers.

Hoewel verteenwoordiging onder permanente werkers laag is (slegs **10.2%**), is die gemiddelde verteenwoordiging per plaas heelwat hoër wanneer slegs plase waar unies aktief is geneem word (**24.9%**, oftewel 1894 lede uit 'n totaal van 7594 werkres waar unies betrokke is – ***kyk skyfie 14***).

**Grabouw** omgewing het die meeste lede, met 39.3% van alle lede in die opname, terwyl **Paarl** omgewing met 10.5% en **Ceres** omgewing met 9.6% volg. **Worcester** omgewing met 7.2% en **Robertson** en **Stellenbosch** met 6.7% en 6.6% respektiewlik volg daarna.

Die sterkste unie wat getalle betref is BAWUSA met 725 lede (20.3% waar hulle betrokke is), SAUWOLIMO met 394 lede (59.6% waar betrokke), en FAWU met 164 lede (23.5% waar betrokke). Saam is alle lede (1894) **24.9%** van alle permanente werkers **op plase waar unies verteenwoordig is; 10.2%** van **alle permanente werkers** in die opname; of **3.5%** van **alle werkers** in die opname. ***Kyk skyfies 13, 14, 15, en 16.***

Volgens die IAO se *Farm Workers' Living and Working Conditions: Key Trends verslag* (bladsy 30) wat pas uitgereik is word gestel dat die insidensie van vakunie lidmaatskap onder plaaswerkers laag is en wissel van 'n hoë 10.9% in Mpumalanga tot 'n lae 1.0% in Noord-Kaap. Die uitslag van ons opname strook hiermee.

## 5. DETAIL VAN OOREENKOMSTE MET VAKUNIES (WAAR VAN TOEPASSING)

Hoe word met vakunies ooreengekom? (*Kyk skyfie 17*)

[5.1] In die meerderheid gevalle (60.4%) word permanente en nie-permanente werkers as een onderhandelingseenheid (bargaining unit) hanteer.

[5.2] Die gevalle waar formele ooreenkomste gesluit word is bykans dieselfde as waar dit nie formeel gedoen word nie.

[5.3] Die omvang van die ooreenkoms word as volg gerapporteer:

| | |
|---|---|
| Nie meerderheid nie – geld net vir aftrekorders | 13 gevalle (59.1%) |
| Nie meerderheid nie – nogtans volle erkenningsooreenkoms | 1 geval (1.8%) |
| Vol meerderheid – volle erkenningsooreenkopms, insluitende lone | 22 gevalle (39.3%) |
| Werkplek agentskap ooreenkoms ("agency shop") | geen |

[5.4] Getal verskillende unies waarmee ooreenkomste gesluit is afgelope tyd:

| | Getal | % v resp. |
|---|---|---|
| Twee unies | 13 | 59.1 |
| Drie unies | 8 | 36.4 |
| Meer as drie unies | 1 | 4.5 |
| Totaal | 22 | 100.0 |

[5.5] Getal kere die afgelope verlede wat 'n unie erkenning versoek het maar dit nie op 'n ooreenkoms uitgeloop het nie:

| | Getal |
|---|---|
| Een maal | 34 |
| Twee maal | 12 |
| Drie maal | 9 |
| Vier maal | 3 |
| Vyf maal | 2 |
| Totaal | 60 |

# B. PAKSTORE/KELDERS

Neem asb. in ag dat hierdie opname primêr gemik was op plase, en dat pakstore/kelders wat as deel van die plaas bestuur word ingesluit is. 'Onafhanklike' en groter pakstore/kelders (ou ko-ops) is dus nie betrek nie. Lg. het meestal 'n lang geskiedenis van werkers wat lede van vakunies is.

1. **GETAL RESPONSE, SEKTOR EN LIGGING**
   Daar was slegs 32 response. Vrugte pakstore is 17, en wynkelders 9. Hulle is wyd verspreid met Stellenbosch en Ceres wat 6 en 5 elk respektiewelik het. (*Skyfie 20*).

2. **GETAL WERKERS**
   Die getal permanente werkers is 701 en die nie-permanente werkers is 1500, 'n totaal dus van 2205, 'n verhouding van 32:68. (*Skyfie 19*)

3. **VAKUNIE LEDE**
   Die getal permanente werkers wat lede is is 146. Dit is 43.3% van permanente werkers waar daar unieverteenwoordiging is, en 20.7% van alle permanente werkers in die opname.
   Die nie-permanente werksmag wat unielede is is slegs 103, 17.5% van die nie-permanente werksmag waar unies verteenwoordig is, en 6.9% van alle nie-permanente werkers in die opname. (*Skyfie 21*)

*Kyk skyfie 22* vir die volledige lys name van die vakunies wat in die opname voorgekom het.

***Hartlik dankie weereens aan al die produsente wat die moeite gedoen het om deel te neem aan hierdie opname. Ons vertrou dat dit vir landbou van groot nut sal wees.***

**KAAPSE AGRI WERKGEWERSORGANISASIE**
**www.caeo.co.za**
**caeo@maxitec.co.za**
**05.08.2015**



# A. PLASE

PAKSTORE/KELDERS/ANDER AKTIWITEITE WAT SAAM BESTUUR WORD INGESLUIT
GETAL RESPONDENTE [ 415 ]

18,566

PERMANENTE WERKERS


35,863

NIE-PERMANENTE WERKERS

34.1%

65.9%

| OPNAME WERKSMAG | | | GEMIDDELD PER RESPONDEDENT |
|---|---|---|---|
| Getal permanente werkers | 18566 | 34.1% | 45 |
| Getal nie-permanente werkers - hoogseisoen | 35863 | 65.9% | 86 |
| Totale werksmag in hoogseisoen | 54429 | 100.0% | 131 |



# HOOF PRODUKLYN INLIGTING

## VRUGTE

145 GETAL RESPONDENTE
29390 TOTALE WERKSMAG

## TAFELDRUIWE

40 GETAL RESPONDENTE
15288 TOTALE WERKSMAG

## WYNDRUIWE

110 GETAL RESPONDENTE
2946 TOTALE WERKSMAG

## GRAAN/VEE

49 GETAL RESPONDENTE
517 TOTALE WERKSMAG

## SUIWEL

11 GETAL RESPONDENTE
162 TOTALE WERKSMAG

## SITRUS

25 GETAL RESPONDENTE
2570 TOTALE WERKSMAG

## ANDER

35 GETAL RESPONDENTE
1556 TOTALE WERKSMAG

# OMGEWING VAN HOOFAKTIWITEIT

**BREDASDORP - 4**
Napier

**KAAPSE METROPOOL - 4**
Durbanville/Philippi

**VREDENBURG - 4**
Velddrif / Weskus

**PORTERVILLE - 10**
Riebeeck-Wes / Gouda / Halfmanshof


**ANDER - 11**
Uniondale / B-Wes / Laingsburg

**DE DOORNS - 12**

**OUDTSHOORN - 13**
Calitzdorp / George / Eden

**SWELLENDAM - 14**
Heidelberg / Riversdale

**CALEDON - 17**
Greyton / Riviersonderend / Hermanus / H&A




**PAARL - 49**
Wellington / Franschhoek / Bergrivier

**WORCESTER - 43**
Rawsonville / Wolseley / Tulbagh

**CERES - 41**
Kouebokkeveld / PAHamlet / Witzenbergvallei

**ROBERTSON - 40**
Ashton / Montagu

**GRABOUW - 40**
Vyeboom / Villiersdorp

**MALMESBURY - 36**
Moorreesburg / Piketberg

**MONTAGU - 29**
Barrydale / Ladismith

**STELLENBOSCH - 27**
Somerset-wes

**CITRUSDAL - 21**
Clanwilliam / Vredendal / Olifantsr. / Cederb.

# OMGEWING VAN HOOFAKTIWITEIT

**VREDENBURG - 26**
Velddrif / Weskus

**BREDASDORP - 100**
Napier

**KAAPSE METROPOOL - 175**
Durbanville/Philippi

**SWELLENDAM - 199**
Heidelberg / Riversdale


**ANDER - 260**
Uniondale / B-Wes / Laingsburg

**CALEDON - 659**
Greyton / Riviersonderend / Hermanus / H&A

**OUDTSHOORN - 1 322**
Calitzdorp / George / Eden

**MONTAGU - 1 332**
Barrydale / Ladismith

**PORTERVILLE - 1 667**
Riebeeck-Wes / Gouda / Halfmanshof




**CERES - 13 931**
Kouebokkeveld / PAHamlet / Witzenbergvallei

**PAARL - 10 516**
Wellington / Franschhoek / Bergrivier

**GRABOUW - 7 479**
Vyeboom / Villiersdorp

**MALMESBURY - 6 098**
Moorreesburg / Piketberg

**WORCESTER - 2 535**
Rawsonville / Wolseley / Tulbagh


**CITRUSDAL - 2 229**
Clanwilliam / Vredendal / Olifantsr. / Cederb.

**STELLENBOSCH - 2 102**
Somerset-wes

**ROBERTSON - 1 985**
Ashton / Montagu


**DE DOORNS - 1 814**

## VAKUNIES WAARAAN PERMANENTE WERKERS BEHOORT:




| | BAWUSA | SAUWOLIMO | FAWU | SIKHULA SONKE | UNADEWO | SDTU | CSAAWU | ABANTU | NUFBWSAWU | ANDER (UASA, SAPTU, UWUSA) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal respond. | 30 | 4 | 8 | 11 | 2 | 4 | 11 | 2 | 4 | 5 |
| Werksmag betrokke | 3 563 | 661 | 698 | 438 | 386 | 172 | 285 | 267 | 95 | 1029 |
| Getal lede verteenw. | 725 | 394 | 164 | 151 | 135 | 77 | 72 | 67 | 35 | 74 |
| lidmaatskap waar unie betrokke | 20.3% | 59.6% | 23.5% | 34.5% | 35.0% | 44.8% | 25.3% | 25.1% | 36.8% | 7.2% |
| lede X totale perm. | 3.9% | 2.1% | 0.9% | 0.8% | 0.7% | 0.4% | 0.4% | 0.4% | 0.2% | 0.4% |


# VAKUNIE INLIGTING




## VAKUNIE LIDMAATSKAP ONDER PERMANENTE WERKERS UIT TOTALE PERMANENTE WERKERS IN OPNAME

| | | |
|---|---|---|
| Respond. sonder unies | 334 | 80.5% van alle respondente |
| Totaal van perm werkers | 415 | 54429 |

| | |
|---|---|
| Persentasie permanente werkers wat unielede is net op plase waar daar unielede is. | 24.9% |
| Persentasie wat alle unielede is van totale permanente werksmag van alle respondente in opname | 10.2% |
| Persentasie wat alle unielede is van totale werksmag (perm + nie-perm) van alle respondente in opname | 3.9% |





## VAKUNIE LEDE ONDER PERMANENTE WERKERS VERGELEKE MET MEKAAR


1. BAWUSA
2. SAUWOLIMO
3. FAWU
4. SIKHULA SONKE
5. UNADEWO
6. SDTU
7. CSAAWU
8. ABANTU
9. NUFBWSAWU
10. ANDER
UASA, SAPTU, UWUSA

| | | |
|---|---|---|
| Respond. sonder unies | 334 | 80.5% van alle respondente |
| Totaal van perm werkers | 415 | 54429 |

| | |
|---|---|
| Persentasie permanente werkers wat unielede is net op plase waar daar unielede is. | 24.9% |
| Persentasie wat alle unielede is van totale permanente werksmag van alle respondente in opname | 10.2% |
| Persentasie wat alle unielede is van totale werksmag (perm + nie-perm) van alle respondente in opname | 3.9% |

# VAKUNIE INLIGTING



# ALGEMENE INLIGTING

Die volgende geld net tov. werkplekke waar daar unielidmaatskap is:

WORD PERMANENTE WERKERS EN NIE-PERMANENTE WERKERS AS EEN ONDERHANDELINGSEENHEID (BARGAINING UNIT) HANTEER?

| JA | NEE |
|---|---|
| 87 \| 60.4% | 57 \| 39.6% |

IS 'N FORMELE OOREENKOMS GESLUIT MET DIE VAKUNIE?

| JA | NEE |
|---|---|
| 42 \| 49.4% | 43 \| 50.6% |

DIE OMVANG VAN DIE OOREENKOMS IS:

| | | |
|---|---|---|
| 33 | 58.9% | Nie meerderheid nie - geld slegs vir aftrekorders |
| 1 | 1.8% | Nie meerderheid nie - nogtans volle erkenningsooreenkoms |
| 22 | 39.3% | Vol meerderheid - volle erkennigsooreenkoms - ingesl lone |
| 0 | 00.0% | Werkplek agentskapsooreenkoms ("agency shop") |

GETAL VERSKILLENDE UNIES WAARMEE OOREENKOMSTE DIE AFGE LOPE AANTAL JARE GESLUIT IS.

| | | |
|---|---|---|
| 13 | 59.1% | EEN UNIE |
| 8 | 36.4% | TWEE UNIES |
| 1 | 4.5% | MEER AS DRIE UNIES |
| 22 | 100% | TOTAAL |



# B. AFSONDERLIK BESTUURDE PAKSTORE

KELDERS OF ANDER WAARDETOEVOEGENDE AKTIWITEITE
GETAL RESPONDENTE [ 32 ]

# OMVANG VAN WERKSMAG

TOTALE WERKSMAG IN HOOGSEISOEN

2201 | 100.0%

GETAL NIE-PERMANENTE WERKERS - HOOGSEISOEN


1500 | 68.2%

GETAL PERMANENTE WERKERS

701 | 31.8%

GETAL PERMANENTE WERKERS WAT LEDE VAN 'N VAKUNIE IS

146 | 20.8%



## VRUGTE PAKSTOOR

GETAL RESPONDENTE

17 | 53.1%

## SITRUS PAKSTOOR

GETAL RESPONDENTE

1 | 3.1%

## WYNKELDER

GETAL RESPONDENTE

9 | 28.1%

## ANDER

GETAL RESPONDENTE

4 | 12.5%

## GROENTE

GETAL RESPONDENTE


1 | 3.1%

TOTAAL RESPONDENTE

32 | 100.0%

# VAKUNIE INLIGTING

## VAKUNIES WAARAAN PERMANENTE WERKERS BEHOORT:




| | BAWUSA | SAUWOLIMO | FAWU | SIKHULA SONKE | UNADEWO | SDTU | CSAAWU | ABANTU | NUFBWSAWU | ANDER (UASA, SAPTU, UWUSA) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Werksmag betrokke | 120 | 0 | 135 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 80 |
| Getal lede | 57 | 0 | 8 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 80 |
| lidmtsk. waar unie betrokke | 47.5% | 0% | 5.9% | 0% | 0% | 0.3% | 0% | 0% | 0% | 100.0% |
| lede X totale perm. | 16.9% | 0% | 2.4% | 0% | 0% | 0.3% | 0% | 0% | 0% | 23.7% |
| lede gemeet X alle werkers in opname | 2.6% | 0% | 0.4% | 0% | 0% | 0.0% | 0% | 0% | 0% | 3.6% |

| | |
|---|---|
| Totaal van permanente werkers wat unielede is by pakstore/kelders waar hulle verteenwoordig is. | 43.3% |
| Persentasie wat alle unielede is van totale permanente werksmag van alle resp tov pakst/kelders in opname | 20.8% |
| Persentasie wat alle unielede is van totale werksmag (perm + nie-perm) van alle respondente in opname | 6.6% |

# VOLLEDIGE NAME VAN VAKUNIES GENOEM IN HIERDIE VERSLAG.

## BAWUSA
BAWSI Agricultural Workers Union of SA

## SAUWOLIMO
S A United Workers Liberation Movement

## FAWU
Food and Allied Workers Union

## SIKHULA SONKE
Volgens die Reigistrateur is hierdie unie gederegistreer op 23.4.2015

## UNADEWO
Union for National Democratic Equity Workers

## SDTU
Society Development Trade Union

## CSAAWU
Commercial Stevedoring Agriculture and Allied Workers' Union

## ABANTU
Agricultural Broadbased Allied National Trade Union

## NUFBWSAWU
National Union of Food, Beverage, Wine, Spirit & Allied Workers' Union

## ANDER - INSL:

**UASA:**
United Association of SA

**NASECGWU:**
National Security Commercial & Allied Workers' Union

**SAPTU:**
S A Parastatal & Tertiary Institutions Union

**UWUSA:**
United Workers' Union of S A

**WAR:**
Workers Against Regression

**WFWU:**
Winelands Farm Workers Union: Volgens Registrateur gederegistreer op 24.8.2006


BAIE DANKIE